HOËRSKOOL NOORD-KAAP

GRAAD 12

EKONOMIE V1

JUNIE 2019

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 D - 4 ✓✓
1.1.2 C - vraag en aandbod-kant ✓✓
1.1.3 C - belastinginkome ✓✓
1.1.4 A - Internasionale Monetêre Fonds (IMF)✓✓
1.1.5 B - massaproduksie ✓✓
1.1.6 A - goederemark.✓✓
1.1.7 B - belasting ✓✓
1.1.8 D - vryswewende ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 PAS-ITEMS

1.2.1 I - Die korttermyn en baie korttermynmark vir besparings en lenings✓
1.2.2 F - Verpligte betalings gemaak deur privaat individue of ondernemings aan die owerheidsektor✓
1.2.3 A - Voer aan dat meeste fluktuasies in die ekonomie veroorsaak word deur staatsinmenging✓
1.2.4 H - Handhaaf die siening dat markte inherent onstabiel is✓
1.2.5 G - Indirekte belasting op goedere en dienste wat in die ekonomie verbruik word✓
1.2.6 B - ’n Dokument wat verwagte inkomste en beraamde besteding uiteensit✓
1.2.7 C - Waar een land goedere of dienste goedkoper as ’n ander land kan produseer✓
1.2.8 E - ’n Amptelike verbod op handel of enige ander samewerking met ’n spesifieke land✓ (8 x 1) (8)

1.3 IDENTIFISEER DIE TERM

1.3.1 Geslote ekonomie ✓
1.3.2 Piek ✓
1.3.3 Nasionalisering ✓
1.3.4 Ruilvoet ✓
1.3.5 Repo / repokoers ✓
1.3.6 Monetêre ✓ (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 **Beantwoord die volgende vrae:**

2.1.1 **Noem TWEE voorbeelde van inspuitings in die ekonomiese kringloop model.**

- Beleggings (I) ✓
- Owerheidsbesteding (G) ✓
- Uitvoere (X) ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Watter verband bestaan daar tussen rentekoerse en kapitaalvorming?**

- Hoër rentekoerse lei tot meer spaar wat aanleiding gee tot meer kapitaalvorming. ✓✓
- Laer rentekoerse lei tot minder spaar wat aanleiding gee tot minder kapitaalvorming. ✓✓
  (Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **Datarespons**

2.2.1 **Watter produksiefaktor , volgens die tabel hierbo, ontvang die grootste deel van die nasionale inkome?**

Arbeid ✓ (1)

2.2.2 **Watter metode is gebruik om die syfers hierbo te bereken?**

Inkome ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *basiese pryse*.**

Basiese pryse is die bedrag ontvangbaar deur die produsent wat belasting op produkte uitsluit en subsidies op produkte insluit ✓ (1)

2.2.4 **Verduidelik kortliks hoe subsidies produksie kan beïnvloed.**

Subsidies sal produksiekoste verlaag/ produsente aanmoedig om uitset te verhoog✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Bereken Bruto Binnelandse Produk teen markpryse (A). Toon alle berekeninge.**

Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse	3 871 214 ✓
PLUS: Belasting op produkte	484 059 ✓
MIN : Subsidies op produkte	16 415 ✓
BBP teen markpryse	**4 338 858** ✓

OF

3 871 214 ✓ + 484 059 ✓ + 16 415 ✓ = **4 338 858** ✓ (4)

2.3 **Datarespons**

2.3.1 **Identifiseer die kromme in die grafiek hierbo.**

Laffer ✓ (1)

2.3.2 **Teen watter belastingkoers sal die owerheid se inkomste maksimeer?**

45% ✓ (1)

2.3.3 **Hoeveel inkomste sal die owerheid ontvang as die belastingkoers 100% is?**

Geen inkomste/zero ✓✓ (2)

2.3.4 **Watter uitwerking sal 'n daling in die belastingkoers van 65% na 45% op belastinginkomste hê?**

'n Daling in die belastingkoers sal lei tot 'n styging in belastinginkomste deur mense aan te moedig om te werk en die omvang van belasting vermyding en -ontduiking te verminder ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Watter gevolge kan die 1%-styging in BTW op die verskillende rolspelers in die Suid-Afrikaanse ekonomie hê?**

Die styging in BTW met 1% kan die rolspelers beïnvloed deur:

- verhoging in inkomste aan die owerheid as dieselfde/meer deur besighede en huishoudings spandeer word ✓✓
- 'n gevolglike val in uitset (produksie) omdat minder verbruikers dit kan bekostig om dieselfde goedere en dienste as tevore aan te koop ✓✓
- aanleiding gee tot 'n daling in bevrediging van behoeftes van veral arm verbruikers by aankoop van luukse goedere ✓✓
- aanleiding te gee tot 'n styging in belasting – veral die hoë inkomsteverdieners (luukse goedere) waar hulle verantwoordelik is vir 85% van BTW-inkomste ✓✓
- 19 basiese voedselitems is uitgesluit van BTW wat veral lae inkomste verdieners bevoordeel✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen reële en geldvloeie.**

Reële vloei:

- Produksiefaktore vloei van die eienaars (huishoudings) na die produsente via die faktormarkte. ✓✓
- Goedere en dienste vloei van die produsente via die goederemarkte na huishoudings en ander gebruikers van goedere en dienste. ✓✓
- Produksiefaktore en goedere en dienste vloei van die buiteland na Suid-Afrika (invoere). ✓✓
- Produksiefaktore en goedere en dienste vloei van Suid-Afrika na die buiteland (uitvoere). ✓✓ (2 x 2)

Geldvloei:

- Faktorvergoeding verteenwoordig die besteding van produsente en inkomste van huishoudings (lone, huur, rente en wins). ✓✓
- Verbruiksbesteding, aan die ander kant, verteenwoordig die besteding van huishoudings en die inkomste van produsente✓✓ (2 x 2) (8)

2.5 **Ontleed kortliks die maatreëls om 'n tekort op die betalingsbalans te verminder.**

- Leen geld by die IMF ✓✓
- Invoervervanging sal invoere verminder as goedere nou self geproduseer word ✓✓
- Uitvoerbevordering sal lei tot 'n styging in totale aanbod en pryse sal verlaag. Uitvoere word bevorder deur goedkoper pryse ✓✓
- Hoër rentekoerse help om besteding op invoere te verlaag ✓✓
- 'n Styging in invoertariewe en beheer, alhoewel SA voldoen aan die beleide van die WHO om invoerbeheer te verminder (handelsliberalisering) ✓✓
- Wisselkoersbeheer laat sentrale banke toe om buitelandse valuta te beperk ✓✓
- Verminder buitelandse reserwes by SARB om tekorte goed te maak as daar 'n beheerde swewende wisselkoers aanvaar word ✓✓
- Verandering in wisselkoers soos depresiasie/devaluasie van die geldeenheid maak invoere duurder en uitvoere goedkoper na die buiteland (verhoog uitvoere) ✓✓
- Styging in belasting verminder verbruikbare inkome wat vraag na invoere verminder ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

  (Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite / voorbeelde) (4 x 2) (8)

VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE

3.1 **Beantwoord die volgende vrae:**

3.1.1 **Noem TWEE voorbeelde van sloerende ekonomiese aanwysers.**

- Werkverskaffing in nie-landbousektore✓
- Ure gewerk in konstruksie✓
- Sementverkope in ton✓
- Aantal kommersiële voertuie verkoop✓
- Groothandelverkope van metaal, masjinerie en toerusting✓
- Reële investering in masjinerie en toerusting✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Wat bepaal die grootte van die vermenigvuldiger?**

Die marginale verbruiksgeneigdheid/spaargeneigdheid/ mvg/ msg ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **Datarespons**

3.2.1 **Identifiseer die tendenslyn in die sakesiklus.**

K ✓ (1)

3.2.2 **Watter letter dui 'n trog in die diagram aan?**

D ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term sakesiklus.**

Opeenvolgende periodes van uitbreiding en inkrimping in ekonomiese aktiwiteite ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik ekonomiese aktiwiteit gedurende fase EF in die sakesiklus.**

- Ekonomie groei en verbeter vinnig ✓✓
- Meer besighede ontstaan en meer werkers word in diens geneem ✓✓
- Verhoogde vraag na krediet sal rentekoerse verhoog ✓✓
- Hoër vraag en hoër pryse vir kapitaalgoedere ✓✓
- Winste en salarisse styg ✓✓
- Hoër inflasie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Hoe kan die lengte (BF) in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word?**

- Dis bruikbaar om te weet wat die lengte van die sakesiklus is, omdat die lengte neig om relatief konstant te bly oor tyd ✓✓
- As 'n sakesiklus 'n lengte van 12 jaar het, kan daar veronderstel word dat 12 jaar sal verbygaan tussen opeenvolgende pieke of trôe, of dat dit vir 'n ekonomie 6 jaar sal neem om deur 'n resessie te beweeg ✓✓
- Langer siklusse toon krag en korter siklusse swakhede ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **Datarespons**

3.3.1 **Wat was die tekort in die betalingsbalans in 2016 in die uittreksel?**

R76 miljard ✓ (1)

3.3.2 **Identifiseer die term wat die verskil tussen goedere-invoere en goedere-uitvoere in die uittreksel bereken.**

Handelsbalans ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf die term betalingsbalans kortliks.**

'n Sistematiese rekord van alle transaksies tussen een land en ander lande ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Wat is die belangrikheid van die saldo op die lopende rekening?**

Dit gee 'n aanduiding of 'n land binne sy vermoë leef ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan 'n oorskot op die betalingsbalans die Suid-Afrikaanse ekonomie positief beïnvloed?**

Die surplus van die betalingsbalans kan die ekonomie positief beïnvloed deur:

- bereiking van die produksiepotensiaal van die land ✓✓
- verhoogde uitvoere in vergeleke met invoere wat sal lei tot meer buitelandse valuta wat die land invloei en die reserwes van die land opbou ✓✓
- groter infrastruktuur investering ✓✓
- verhoogde waarde van die rand ✓✓
- verlaagde belastinglas a.g.v. minder geld wat geleen is om publieke skuld af te los ✓✓
- stimulering van ekonomiese groei en skepping van werk ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Verduidelik kortliks die interaksie tussen *huishoudings* en die *regering* as deel van die ekonomiese kringloop-vloeimodel.**

- Huishoudings verskaf produksiefaktore aan ondernemings (die staat). ✓✓
- Huishoudings ontvang daarvoor 'n inkomste (Y) – huur, lone, rente en wins. ✓✓
- Huishoudings betaal belasting aan die staat. ✓✓
- Die staat voorsien openbare goedere en dienste aan huishoudings en ondernemings. ✓✓ (2 x 4) (8)

3.5 **Beskryf hoe die Suid-Afrikaanse Reserwebank die repokoers kan gebruik om sakesiklusse glad te stryk?**

- As banke 'n tekort aan fondse ervaar in die geldmark, word hulle geakkommodeer deur die SARB, wat hulle toegelaat om geld te leen deur middel van die Repo stelsel (Terugkoop tender stelsel) teen 'n koers wat bekend staan as die repokoers. ✓✓
- Deur die verhoging van die repokoers, is geld duurder vir kommersiële banke, wat dan die verhoging oordra aan hul kliënte deur die verhoging van rentekoerse op lenings. ✓✓
- Lenings is dan duurder vir die verbruiker en so daal die vraag na geld. ✓✓
- Deur die vermindering van die repokoers, is geld goedkoper vir kommersiële banke, wat op die afname oordra aan hul kliënte deur 'n vermindering van rentekoerse op lenings. ✓✓
- Lenings word goedkoper aan die verbruiker en die vraag na geld sal toeneem. ✓✓ (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE

4.1 **Beantwoord die volgende vrae:**

4.1.1 **Noem TWEE faktore wat die vraag na buitelandse valuta beïnvloed.**

- Goedere-invoere✓
- Betaling vir dienste van ander lande✓
- Koop aandele in ander lande✓
- Toeriste spandeer geld oorsee✓
- Terugbetaling van lenings gemaak in ander lande✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Verduidelik die wisselkoers van Suid-Afrika tans gebruik.**

Suid-Afrika gebruik 'n vryswewende wisselkoers - die waarde van die geldeenheid word suiwer deur markkragte bepaal, m.a.w. vraag en aanbod van die rand. ✓✓ (1 x 2) (2)

4.2 **Datarespons**

4.2.1 **Identifiseer EEN betroubare aanwyser wat gebruik word in die vooruitskatting van 'n beermark.**

- Sakesiklus resessie ✓
- Stygende rentekoerse ✓
- Buitelandse valuta uitvloei ✓
- Uitgerekte waardasies, ✓ en
- Aandelemark momentum ✓ (1)

4.2.2 **Gee 'n sinoniem vir die term Sentrale Bank.**

Suid-Afrikaanse Reserwe Bank (SARB) ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die begrip resessie.**

'n Negatiewe ekonomiese groei vir ten minste twee opeenvolgende kwartale ✓✓ (2)

4.2.4 **Wat gebeur met aandeelpryse gedurende 'n *beer- en bulmark*?**

Beermark – aandeelpryse daal ✓✓ (2)

4.2.5 **Waarom is ekonome bekommerd oor die afwaartse tendens in sake siklusse?**

- Rand depresieer ✓
- Inflasie styg ✓
- Rentekoerse styg ✓
- Eiendomspryse is hoog ✓

- Nywerheidsproduksie daal skerp ✓
- Verlies aan inkomste vir ondernemings ✓
- Verhoogde werkloosheid ✓ (4)

(Aanvaar enige relevante antwoorde) (4 x 1)

4.3 **Datarespons**

4.3.1 **Identifiseer die wisselkoersstelsel in die grafiek hierbo.**

swewende ✓ (1)

4.3.2 **Wat was die oorspronklike rand/dollar wisselkoers voordat die vraag na die VS-dollar gestyg het?**

R13,00 = $1 ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *wisselkoers*.**

Die koers waar een geldeenheid vir 'n ander verruil word / die waarde van een land se geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid ✓✓ (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Hoe het die stygende vraag na VS-dollar die waarde van die rand beïnvloed?**

Die waarde van die rand het gedepresieer van R13,00 tot R14,00 teenoor die dollar/die rand depresieer met R1 ✓✓ (2)

4.3.5 **Wat kan die Reserwebank doen om die waarde van die rand teenoor die dollar te versterk?**

Die Reserwebank kan die waarde van die rand versterk deur:

- verkope van VSA dollars in reserwe op die buitelandse valutamark ✓✓
- verkope van goudreserwes op die internasionale mark ✓✓
- verkryging van bystand van die Internasionale Monetêre Fonds ✓✓
- verhoging van die repokoers om belegging deur buitelanders in die Suid-Afrikaanse ekonomie te stimuleer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Onderskei tussen endogene- en eksogene benaderings tot sakesiklusse.**

Endogene benadering	**Eksogene benadering**
Faktore wat ekonomie beïnvloed van binne die markstelsel ✓ Markte is inherent onstabiel ✓ Staatsinmenging is nodig ✓ Ook bekend as die Keynesiaanse verduideliking ✓ Byvoorbeeld: verandering in patrone van verbruiksbesteding, investeringsbesteding ✓ (Maks 4)	Faktore wat die ekonomie beïnvloed van buite die markstelsel ✓ Markte is inherent stabiel ✓ Owerheid moet nie inmenging nie ✓ Ook bekend as die Monetariste se verduideliking ✓ By voorbeeld: natuurrampe / oorlog / terrorisme ✓ (Maks 4)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)	

(Maks 8) (8)

4.5 **Hoe kan *natuurlike hulpbronne* en *spesialisasie* tot internasionale handel bydra?**

Natuurlike hulpbronne

- Natuurlike hulpbronne is oneweredig in die wêreld versprei ✓✓
- Dit verskil van land tot land en kan slegs ontgin word in plekke waar hierdie hulpbronne voorkom ✓✓
- Bv. Suid-Afrika is ryk aan ystererts, goud, steenkool en platinum terwyl China glad nie oor hierdie hulpbronne beskik nie en dit vanaf Suid-Afrika invoer ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (Maks 4)

Spesialisasie

- Die produksie van sekere goedere en dienste laat lande toe om dit teen 'n laer koste as ander lande te produseer ✓✓
- Dit lei tot massaproduksie wat koste verlaag ✓✓
- Bv. Japan produseer elektroniese goedere en verkoop dit teen 'n laer prys ✓
  (Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (Maks 4) (8)

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE TOEKENNING
Inleiding • 'n Goeie begin is om die sleutel konsep wat in die vraag voorkom te definieer of om te omskryf. • Gee addisionele inligting om die onderwerp te ondersteun. • Moenie in die inleiding enige deel van die vraag insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam bespreek nie. • Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.	Maks. 2
Liggaam: **Hoofgedeelte:** Bespreek in detail / In diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debateer **Addisionele gedeelte:** Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Trek 'n grafiek en verduidelik / Gebruik 'n grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Bepaal / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Vertolk / Debateer kortliks	Maks. 26 Maks. 10
Gevolgtrekking • Die gevolgtrekking is 'n samevatting van die onderwerp wat bespreek is in die liggaam en moet as 'n HOË-ORDE respons gesien word. • Die gevolgtrekking kan die vorm van 'n eie opinie, voorbeelde, argumente om die bespreking van die onderwerp in die liggaam te ondersteun of teen te staan. • Geen aspek van beide die inleiding en liggaam moet in die gevolgtrekking herhaal word nie.	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- **Bespreek enige VYF probleme van publieke sektorvoorsiening in Suid-Afrika volledig. (26 punte)**

- **Hoe kan die onregverdige verdeling van inkomste in Suid-Afrika opgelos word? (10 punte) [40]**

INLEIDING

Alle lande benodig 'n publieke sektor wat dienste verskaf waar markte in gebreke bly om te lewer / die publieke sektor bestaan uit die sentrale owerheid verantwoordelik vir nasionale aangeleenthede (bv. sekuriteit), provinsiale owerheid verantwoordelik vir streeksaangeleenthede (bv. behuising) en plaaslike owerhede verantwoordelik vir straatbeligting ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

HOOFDEEL

1. Gebrek aan rekenpligtigheid/Aanspreeklikheid ✓

- Definisie: Om verslag te doen oor **besluite** en **aksies** wat geneem is en **uitgawes** wat aangegaan was oor 'n periode ✓✓
- Die mense verwag dat die staat belastings sal gebruik vir die doelwit waarvoor dit ingesamel is en om nie hul mag te misbruik nie ✓✓
- Persone wat deur die staat in diens geneem word, dien nie altyd die belange van die publiek nie ✓✓
- Hulle poog om hul salarisse, status en mag te maksimeer en hoef nie 'n wins/verliesstaat op te stel nie. Hulle is begroting gedrewe ✓✓
- Die staat poog om hierdie probleem te oorkom deur staatsamptenare aanspreeklik te hou aan die publiek ✓✓

In Suid-Afrika is die grondslag van rekenpligtigheid:

- Ministeriële aanspreeklikheid: ministers is segsmanne by elke staatsdepartement ✓✓
  Die DG van elke department is aanspreeklik vir aktiwiteite van daardie departement ✓✓
- Portefeulje-komitees: monitor individuele departemente en doen aanbevelings aan parlement ✓✓
- Staatskasbeheer: Nasionale tesourie is verantwoordelik vir bestedingsbeheer. Die tesourie-komitee onder voorsitterskap van minister van finansies, evalueer deurlopend alle aansoeke vir addisionele befondsing deur die jaar ✓✓
- Die Ouditeur-Generaal skryf elke jaar 'n verslag in elke staatsdepartement. Hy rapporteer aan parlement oor die standard van finansiële bestuur en lig gevalle van bedrog en ongemagtigde besteding uit ✓✓ (Maks 6)

2. Ondo*eltreffendheid:*

- Rekenpligtigheid waarborg nie doeltreffendheid nie ✓✓
- Openbare goedere word doeltreffend geproduseer indien pareto-doeltreffedheid bereik word bv. indien hulpbronne so toegewys word dat niemand beter daaraan toe is sonder dat iemand anders swakker daaraan toe is nie.

3 redes vir ondoeltreffendheid:

- Burokrasie ✓ (amptelike reëls en prosedures) ✓✓ Amptenare kan fokus op korrekte prosedure en reëls en staan onverskillig teenoor die hoeveelheid (aantal pasiënte behandel) ✓✓ en kwaliteit diens (bv. verduidelik die gebruik van die medisyne) ✓✓ Sommige mag onsensitief staan teenoor die behoeftes van hul kliënte ✓✓

- Onbevoegdheid ✓ d.i. die gebrek aan vaardigheid of vermoë om die taak behoorlik uit te voer ✓✓ Dit kan die gevolg wees van swak kwalifikasies, gebrek aan opleiding, ondervinding en 'n apatiese houding ✓✓
- Korrupsie ✓ d.i. die misbruik van 'n posisie vir persoonlike voordeel ✓✓ Neem omkoopgeld, betrokke by korrupsie, nepotisme, oneerlikheid en diskriminasie ✓✓

(Maks 6)

3. Moeilikheid met die assessering van behoeftes ✓

- In die privaatsektor bepaal vraag- en aanbodkragte die pryse ✓✓
- Die markpryse dien as 'n aanduiding aan produsente wat die behoeftes van verbruikers is, asook die hoeveelheid wat gevra word ✓✓
- Staatsbeheerde ondernemings funksioneer nie volgens die markkragte van vraag en aanbod nie ✓✓
- Dit is dus moeilik vir staatsbeheerde ondernemings om die behoeftes van verbruikers te bepaal, en hulle is geneig tot onder- of oorverskaffing van publieke goedere ✓✓ (Maks 6)

4. Prysbeleid ✓

- In 'n markekonomie word pryse vasgestel deur die wisselwerking van **vraag en aanbod,** op die punt waar hoeveelheid gevra gelyk is aan hoeveelheid aangebied ✓✓
- Staatsbeheerde ondernemings werk nie binne die markstelsel van vraag en aanbod nie ✓✓ Dit skep probleme in die bepaling van die prys vir publieke goedere en dienste ✓✓
- Die staat staan voor die volgende opsies:
  - Gratis dienste – koste gedek deur belasting – bv. vloedbeheer ✓✓
  - Gebuikerstariewe – bv. koste van dubbelrylaan van tolgeld verhaal ✓✓
  - Subsidies – die staat hef 'n verminderde fooi by die verbruiker.
- Die prysstrategie gebruik hang af van:
  - Tegnologiese faktore (hoe maklik dit is om 'n fooi te hef bv. tolhekke) ✓✓
  - Ekonomiese faktore (bv. verskaffing van elektrisiteit – moeilik om gratis te verskaf) ✓✓
  - Politiese faktore (bv. gratis gesondheidsorg vir werkloses en absolute armes) ✓✓ (Maks 6)

5. Parastatale (SBO's) ✓

- Die staat kan 'n onderneming op 2 maniere begin, nl. om dit te voorsien of te nasionaliseer ✓✓
- Hulle moet optree **binne 'n raamwerk** van openbare beleid ✓✓
- Sommige parastatale verstaan nie hul konstitusionele verpligtinge nie en is nie in staat om ekonomiese- en sosiale regte aan te spreek en daarvolgens te handel nie ✓✓
- SBO's het beperkte aanspreeklikheid en maak die land minder afhanklik van ander lande, skep infrastruktuur vir vooruitgang ✓✓

6. Privatisering ✓

- Sommige ekonomie glo dat die probleme geassosieer word met publieke verskaffing van goedere en dienste wat oorkom kan word deur staatsbeheerde ondernemings aan die privaatsektor oor te dra ✓✓

Privatisering	die verkoop van staatsbates en openbare ondernemings aan die privaatsektor. ✓✓
Nasionalisering	oorname van ondernemings wat in privaatbesit is, met of sonder vergoeding. ✓✓

- Daar is drie argumente ten gunste of teen privatisering:

a) Die koste van instandhouding en bestuur van staatsbeheerde ondernemings is baie hoog ✓✓
Positief –
- Hierdie koste lei tot hoër belasting en publieke skuld ✓✓
- Oordrag van eienaarskap van hierdie besighede en bates aan die privaatsektor kan lei tot laer persoonlike inkomstebelasting en kan publieke skuld verminder ✓✓

Negatief –
- Privatisering mag lei tot werkverliese (om maksimumwinste te verseker)✓✓
- Privatisering kan verder lei tot prysstygings om volhoubare winste te verseker ✓✓

b) Sommige mense glo dat private ondernemings is meer doeltreffend as publieke ondernemings ✓✓
Positief -
- Sommige mense reken dat die winsmotief in die privaatsektor verseker dat besighede meer doeltreffend funksioneer en goedere en dienste teen die laags moontlike pryse produseer ✓✓
- Staatsbeheerde ondernemings aan die ander kand is burokraties, ondoeltreffend, en onsensitief teenoor verbruikerbehoeftes, swak bestuur, onkreatief en lae vlakke van produktiwiteit ✓✓
- Privatisering kan lei tot groter ekonomiese doeltreffendheid en beter bestuur van die onderneming ✓✓

Negatief –
- Private beheerde ondernemings kan nie goedere en dienste verskaf teen dieselfde lae pryse as SBO's nie en mag lei tot markmislukking ✓✓

c) Aangesien staatsbeheerde ondernemings nie funksioneer volgens die winsmotief nie, is hulle dikwels uitgelewer aan groot verliese, wat lei tot begrotingstekorte ✓✓
Positief –
- Hierdie begrotingstekorts moet gefinansier word deur hoër belastings of toenemende openbare skuld. Privatisering sluit fiskale probleme uit ✓✓

Negatief -
- Privatisering mag 'n groot deel van die bevolking uitsluit wat nie hoër pryse gehef deur private ondernemings kan bekostig nie, veral meriete / verbruiksgoedere wat basiese behoeftes bevredig ✓✓

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 5 probleme moet bespreek word. Noem en verduidelik van die probleme op 'n positiewe manier tel 'n maksimum van 3 punte. Die res van die punte moet die problematiese aard van elke aspek bespreek) Maks (26)

ADDISIONELE DEEL
Om 'n regverdige inkomeverdeling te verseker, oorweeg:
- meting van inkomeverdeling op 'n gereelde basis deur die Gini-koëffisiënt te gebruik soos vereis deur die VN ✓✓
- lewering van maatskaplike dienste meer doeltreffend veral in die landelike gebiede ✓✓
- meer doeltreffende gebruik van belastinggeld om 'n billike herverdeling te verseker en die wanaanwending van fondse te beperk / uitwissing van korrupsie en nepotisme ✓✓

- die doeltreffende gebruik van fiskale beleidsmaatreëls wat 'n meer gelyke verdeling van inkomste sal verseker ✓✓
- belas van inkomste op 'n progressiewe basis, sodat die belastinglas op laer inkomstegroepe laag is en daar meer gesteun word op die hoër inkomstegroepe ✓✓ Bv. inkomstebelasting ✓
  (Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(**Maks 10)
  (‘n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir regstellende beleide, bv. SEB, grondrestitusie, regstellende aksie)

SLOT

Doeltreffende publieke sektor voorsiening in Suid-Afrika is kern tot 'n baie beter groeikoers, hoër indiensnemingskoers en 'n beter lewenstandaard vir almal ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) Maks (2) **[40]**

VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE

- **Bespreek uitvoerbevordering as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid onder die volgende opskrifte:**
  - **Redes (8)**
  - **Metodes (8)**
  - **Nadele (10)** **(26 punte)**

- **Hoe kan vryhandel bydra tot globalisering?** **(10 punte)** **[40]**

INLEIDING

- Uitvoerbevordering behels die verskaffing van aansporings om plaaslike besighede aan te moedig om goedere vir uitvoer te produseer ✓✓
- As die owerheid aansporings betaal om produksie van goedere aan te moedig wat uitgevoer kan word ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (Maks 2)

HOOFDEEL

Redes vir uitvoerbevordering:

- Die land bereik betekenisvolle ekonomiese groei wat deur uitvoere gelei is✓✓
- Uitvoerbevordering vergroot die produksiekapasiteit van die land ✓✓
- Uitvoermarkte is baie groter as plaaslike markte ✓✓
- Groter produksie-eenhede skep meer werksgeleenthede ✓✓
- Dit lei tot laer kleinhandelpryse ✓✓ (Maks 8)

Metodes van uitvoerbevordering:

- Aansporings: ✓
  - Die owerheid verskaf inligting oor uitvoermarkte om uitvoere te stimuleer ✓✓
  - Ander voorbeelde is navorsing oor nuwe markte, konsessies op vervoerkoste, uitvoerkrediet ✓
- Subsidies: ✓
  - Aansporings wat uitvoerders aanmoedig om die hoeveelheid produksie te verhoog ✓✓
  - Dit sluit direkte en indirekte subsidies in:
    - Direkte subsidies: Kontantbetalings aan uitvoerders ✓✓
    - Indirekte subsidies: Terugbetaling van invoertariewe en algemene belastingkortings ✓✓
- Handelsneutraliteit: ✓
  - Subsidies wat gelyk is in grootte van invoerregte, word betaal ✓✓
  - Neutraliteit kan bereik word deur handelsliberalisering ✓✓ (Maks 8)

Nadele van uitvoerbevordering:

- Die werklike produksiekoste is versteek: ✓
  - Dit verlaag die totale koste deur subsidies en aansporings ✓✓
  - Die werklike produksiekoste word deur die subsidies versteek ✓✓
  - Die produk kan dalk nooit op die opemark meeding nie ✓✓
- Gebrek aan mededinging: ✓
  - Aansporings en subsidies verlaag pryse en dwing mededingers wat volhoubare

en winsgewende besighede kan skep uit die mark uit ✓✓
- Totale potensiële handel word dus verminder met subsidies eerder as daarsonder ✓✓

- Verhoogde tariewe en kwotas: ✓
  - Oorsese lande kan terugslaan met tariewe en selfs kwotas wanneer eenderse goedere plaaslik onder hul werklike produksiekoste verkoop word ✓✓
  - Magtige oorsese besighede kan bekostig om eenderse produkte teen baie laer pryse aan te bied ✓✓
  - In vergelyking met hul produksie, kan die gesubsidieerde besigheid se binnelandse mark so klein wees dat dit die besigheid wat die subsidie ontvang, vernietig ✓✓
- Beskerming van arbeidsintensiewe bedrywe: ✓
  - Ontwikkelde lande handhaaf dikwels hoë vlakke van doeltreffende beskerming vir hul nywerhede wat arbeidsintensiewe goedere produseer waar ontwikkelende lande alreeds 'n vergelykende voordeel het of kan verkry ✓✓
  - Uitvoerbevordering lei tot die beskerming van arbeidsintensiewe nywerhede deur ontwikkelde lande ✓✓ (Maks 10)

  (Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir voorbeelde en opnoem van feite)
  (18 punte vir bespreki ngs) Maks (26)

ADDISIONELE DEEL

- Spesialisasie: Die teorie van vergelykende voordeel toon dat die wêreld se uitset kan verhoog as lande spesialiseer daarin wat hulle relatiewe goed kan produseer ✓✓
- As lande spesialiseer in die produksie van goedere waar hulle 'n vergelykende voordeel geniet, sal wêreldhandel en verbruik gemaksimeer ✓✓
- Handel laat ekonomieë van skaal toe om te maksimeer en dus word eenheidskoste verlaag ✓✓
- Ekonomieë van skaal is 'n bron van vergelykende voordeel ✓✓
- Vryhandel gee verbruikers die keuse om by die hele wêreld te koop en nie net wat binnelands geproduseer word nie ✓✓
- Verbruikers se welvaart verhoog omdat sommige verbruikers verkies om ingevoerde goedere eerder as binnelandse goedere te koop ✓✓
- Keuses word vergroot ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante feit) (Maks 10)

SLOT

In die lig van die negatiewe impak van vryhandel is dit krities belangrik om kleiner ontwikkelende ekonomieë te beskerm teen die ongelyke mededinging deur die ontwikkelde ekonomieë ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde antwoord)

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150